
## 372 Ons dank U Heer en sing u eer




Al is hul klein, hul is onrein,
soos ons, in skulde gebore,
maar deur u Raad, gered uit kwaad,
is hul tot heil verkore.

Met eie hand het U as pand
van u verbond, o Here,
die doop gegee; verseël daarmee
u bondstrou U ter ere.

U goeie Gees ken al ons vrees
en gee ons moed en kragte.
Die ouerplig word in u lig
‘n vreugde vir ons harte.

Gee aan ons kroos u hulp en troos
aan ons u wysheid, Here!
Dan loof ons saam u grote Naam
hier, en hierna, ter ere!

Abraham Rutgers (1751-1809) Leipzig (1625/1655)